LES 17: DANKBAARHEID

'n Les gemik op pre-tieners (gr. 4-7) - 'N PRAKTIESE LES

Skrifgedeeltes: Verskeie

Doel: Dat kinders sal weet dat God baie spesiaal in hulle lewens betrokke is (soos met Jakob) en dat dit hulle sal aanspoor tot 'n lewe van dankbaarheid.

Hierdie is nie 'n onderrigles nie, maar 'n ervaringsles. Kinders gaan beweeg tussen vyf verskillende "stasies" waar hulle sekere aktiwiteite gaan doen. Al die aktiwiteite is daarop gemik om die kinders tot dankbaarheid teenoor God aan te spoor. Daar is 'n verband tussen die aktiwiteite en Jakob se lewe. By elke stasie is daar 'n fasiliteerder wat die kinders begelei om te verstaan waaroor die aktiwiteit gaan en om hulle te help om dit te doen.

Die verskillende stasies:

Vuur: 'n vuur, papiertjies en penne.
Dankbaarheidsmuur: 'n muur toegeplak met groot velle papier, dik swart koki's of vetkryte. (As alternatief kan groot swartborde gebruik word met bordkryt om daarop te skryf.)
Woord-armbandjies: 'n tafel of hoekie waar die kinders kan werk om armbandjies te maak, lettertjiekrale, dun swart rek of "waxed chord".
Klippie-tafel: 'n tafel of hoekie waar kinders kan werk om teksverse op klippies te skryf, plat klippies (te kry by enige tuinsentrum of by 'n rivier), dun swart koki's, teksverse en Bybels.
Kreatiewe tafel: 'n tafel waar kinders 'n kaartjie of boekmerkie kan maak, Bybels, gekleurde papier, koki's, kryte, penne, "glitter", skêre, gom, "stickers", tydskrifte of enige ander kreatiewe goed wat gebruik kan word.

Kinders word opgedeel in klein groepies. Hulle roteer tussen die verskillende stasies. Hulle kan by enige stasie begin en eindig.

Woord-armbandjies:

Besluit vooraf watter woord(e) die kinders moontlik kan maak en sorg dat daar lettertjies daarvoor is, bv:

- Dankbaarheid
- Dankie Jesus
- Dankie
- Thanx
- Thankful
- Grace
- Genade
- Awesome

Die kinders ryg die lettertjies op die rek om die woord te maak. Knoop die rek toe om 'n armbandjie te maak om die kinders daaraan te herinner dat hulle dankbaar teenoor God moet wees vir 'n nuwe begin. Jakob was net so dankbaar oor sy nuwe begin.
(As die hele groepie klaar is, roteer hulle na die volgende stasie.)

Klippie tafel

Jakob het 'n klipaltaar gebou by Sigem as teken van dankbaarheid teenoor God. Skryf die volgende teksverwysings op 'n papier sodat die kinders dit maklik kan sien en self kan opsoek in die Bybels. Elke kind kan die teksvers wat hom die meeste aan die hart gryp, op die klippie skryf. Hy neem die klippie saam huis toe om hom daaraan te herinner om dankbaar te wees teenoor God.

- Hebreërs 12:28
- Kolossense 2:7
- Psalm 7:18
- Psalm 28:7
- Psalm 30: 12-13
- Psalm 107:11
- 1 Korintiërs 15:57
- 2 Korintiërs 2:14
- 2 Korintiërs 9:15

(As die hele groepie klaar is, roteer hulle na die volgende stasie.)

Vuur:

Toe Jakob 'n ontmoeting met die Here gehad het, het hy die goed wat sy lewe lelik maak afgelê. God het hom 'n nuwe naam en 'n nuwe begin gegee.

Laat elke kind die dinge wat hulle lewe dalk lelik maak, op 'n papiertjie skryf. In stil gebed vra hulle vir die Here om die dinge weg te neem. Hulle gooi dan die papiertjies in die vuur om verbrand te word - simbolies daarvan dat hulle nou klaarmaak daarmee en aanbeweeg met hulle lewens as nuwe mense.

(As die hele groepie klaar is, roteer hulle na die volgende stasie.)

Dankbaarheidsmuur:

Kinders kry 'n kans om kreatief te wees op die muur. Hulle gebruik die koki's en kryte en skryf of teken op die muur dinge waarvoor hulle vir God dankbaar is of dinge waarvoor hulle Hom wil prys. Jakob was ook baie dankbaar teenoor God dat Hy vir hom goed was.

(As die hele groepie klaar is, roteer hulle na die volgende stasie.)

Kreatiewe Tafel



Kinders kan hier 'n kaartjie of boekmerk maak om dankie te sê vir iemand wat baie vir hulle beteken het. Dit kan bv. iemand wees wat hulle nader aan Jesus gebring het, of wat hulle gehelp het deur 'n moeilike tyd, of 'n vriend vir hulle was toe hulle dit regtig nodig gehad het. Hulle kan dan later die kaartjie vir die persoon gaan gee of pos.